

12 Oktober

Skrifgedeelte: Esegïel 37:1-14
Fokusgedeelte: NGB, Art 24

Die Gees werk geloof deur die hoor van die Woord

Wie sal die kerk met 'n slagveld vergelyk? God doen dit. God gee heerlike uitsigte op sy troon (Eseg 1) en die Nuwe Jerusalem (Eseg 40 ev.), maar laat ook die aardse dinge sien soos hulle regtig is. Ja, deur die eeue IS die kerk ook soms 'n slagveld vol dood en verwoesting. Soms laat God 'n mens om en om hierdie gruwelike slagveld loop (vers 2). Dit is amper die eensaamste wat jy kan word.

Wat kan een mens op só 'n slagveld bereik? God sê ons moet preek (vers 4): "Hoor die Woord van die Here, droë bene!" Ons preek getrou. Só word alles reg georganiseer. Elke geraamte kry sy eie beendere terug (vers 7). Kerkordelike ligamente word op die regte plekke geheg, sodat alles kan beweeg soos dit moet (vers 8a). Preke slaag selfs daarin om alles oor te trek met die vel van 'n suiwere belydenis (vers 8b). Mooi lyk dit dan – mooi, maar steeds dood. Die slagveld is nou 'n oorlogsbegraafplaas waar die dooies onder wit kruise ordelik in gelid lê. Die mense wat dit besoek, bly wonder: "Wat op aarde het julle besiel?"

Vir 'n lewende kerk baat preek alleen nie. GEBEDE is onmisbaar! Gebed is ook Woordbediening; dit is Woordbediening aan die Gees. Volgens God se ryk beloftes word die Gees se werking in die beendere afgesmeek (vers 9): "Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in dat hulle kan lewe." Begin vandag só vir ons kerk bid. Hou aan en aan, want God gee sy Gees net aan hulle wat Hom sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (HK, So 45). Hou aan tot jy die groot menigte sien regop staan (vers 10).

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)